

Tema: Vergeet van jouself want verlossing en ewige lewe kan nie uit die mens voortkom nie maar is 'n unieke Skepping van Bo, van God deur sy krag van onvernietigbare lewe!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens

Ps. 146-2: 1, 2, 5, 6

Lied 428: 1, 2, 3, 4

God en ons ontmoet mekaar

Intreelied: Ps. 110-3: 1, 3

Votum

Seën

Loflied Ps. 45-1: 1, 4, 9, 10, 16

Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Ons verootmoedig ons voor God

Wet: Eks 20: 1 – 3 en HK Sondag 94 en 95

Sing Ps. 130-1: 1, 3, 4 (Derde mel)

Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof

Skriflesings: Genesis 14: 17 – 20

Psalm 110

Hebreërs 7

Teksverse: Heb. 7: 15 – 17

Sing: Sb. 3-5: 1, 3, 4 (kleuters gaan na hulle bediening)

Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening

Gebed

Sing Sb. 1-6: 1, 2, 3

Seën

Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Dit is onmoontlik om die ware voorkoms of vorm van iets te bepaal deur na die skaduwee daarvan te kyk. 'n Skaduwee gee nooit die volle en ware vorm van die voorwerp weer nie. Kom ek verduidelik dit vir ons kinders by wyse van 'n paar illustrasies. Wys skyfie 1 en 2

Die Hebreersskrywer gebruik hierdie waarheid om die betekenis van die Ou Testamentiese priesterdiens waardeur die volk hulle offers aan die Here gebring het, te verduidelik. Hy wil verduidelik dat sy lesers nie moet teruggaan na die skaduwee nie, maar bly by die werklike voorwerp – Jesus Christus – om Hom te sien soos Hy regtig is. Wys skyfie 3

Die priesterdiens van Levi en die offers wat die volk moes bring was maar 'n skaduwee, 'n vooruitskouing van dit wat Jesus sou kom doen! Die priesterdiens en die offers is inderdaad deur God ingestel en dit was die manier waarop God sy genade en vergifnis aan die volk bewys het, maar dit was onvoltooid, dit was nog net die skaduwee teen die muur, 'n afbeelding van dit wat Jesus Christus moes kom doen!

Dit was onvoltooid want daardie bedeling berus op offers wat mense bring en sondaarmense wat as priesters daardie offers voor die Here moes bring! Daarom moes die Hoëpriester voordat hy een maal per jaar in die Allerheiligste ingaan, eers 'n offer vir sy eie sonde doen!

Die Hebreërskrywer toon aan dat daardie onvoltooide bedeling nou in Christus tot n einde gekom het! Die Ou bedeling was nie bedoel om nie ware redding en verlossing bring nie want dit is deur mense gedoen! Dit het eintlik na voltooiing, dit was die skaduwee teen die muur van 'n volmaakte offer wat Christus sou bring!

Nou dat ons dit verstaan, moet ons vra: hoekom gebruik die skrywer hierdie argument in hoofstuk 7? Brs en srs, julle onthou dat die lesers deur 'n baie moeilike tyd gegaan het. Hulle het swaar gekry daar in Rome en is vervolgd vanweë hulle geloof in Christus! Sommig van hulle het oorweeg om eerder na die Joodse geloof oor te gaan en soos ons weet, het die priesterdiens, die offers en veral die Hoëpriester 'n sentrale rol gespeel in die Ou Testament en dus ook in die Joodse geloof.

Maar, br en sr, dit gaan oor 'n dieper saak. **Dit gaan oor die beklemtoning van die mense se bydrae tot sy verlossing.** Dit was die eintlike dwaling waarmee Satan hierdie gelowiges wou vang! Die offers wat gelowiges moes bring en die presiese voorskrifte wat die priesters moes volg om hierdie offers vir die Here te offer – het baie klem op “reg doen” laat val! Solank ek net die beste offer bring en alles volgens die voorskrifte doen, dan sal alles in my lewe reg wees.

Die feit dat iemand net 'n priester kon wees as hy uit die geslag van Levi kom, het in die oë van baie mense die menslike sy van verlossing beklemtoon. Solank my afkoms reg is, tel dit punte! Die feit dat niemand anders offers mog bring nie, behalwe net die

priesters het hierdie menslike prestasie beklemtoon. Nie eers 'n koning van Israel mag offers gebring het nie en as mense verkeerdelik offers bring het die Here het, het die Here hulle met die dood gestraf. Of 'n priester 'n ware gelowige was en toegewyd aan die Here geleef het, het nie getel nie! Net sy afkoms! Dink maar aan die twee seuns van Eli en al hulle sonde!

Wat beteken dit nou vir ons vanmore? Ek wil God se openbaring probeer weergee met 'n voorbeeldvraag: As jy vandag vir iemand op straat sou vra: hoe word jy gered of hoe kry jy deel aan geloof in God, gaan jy waarskynlik die volgende moontlike antwoorde kry: wel, ek probeer my bes om 'n goeie lewe te lei, ek handhaaf goeie waardes en ek help mense waar ek kan. Ek dink my lewe is goed genoeg! Of jy sal dalk hoor: Jy kies of jy gered wil word of nie! Omdat ek God gekies het, kry ek deel aan die geloof!

Sien julle: dis in ons menslike aard om te dink dat ons as mense iets kan bydrae om gered te word! En daarom wil die Here vanmore vir ons kom sê: Vergeet van jouself! Vergeet dat jy enige iets kan bydrae deur wie jy is of wat jy doen! Verlossing en ewige lewe kan nie uit die mens voortkom nie maar is 'n unieke Skepping van Bo, van God deur sy krag van onvernietigbare lewe!

Dis hoekom God Jesus as Hoepriester aangestel het volgens 'n ander Bybelse priesterorde en nie volgens die priesterorde van Levi nie! Jesus is gebore uit die stam van Juda – en niemand uit Juda kon nog ooit priester word nie.

Christus word deur God aangestel volgens die priesterorde van Melgisedek. Wie was Melgisedek? Ons weet nie! Hy is 'n so soort magiese figuur uit die vroeë Ou Testament! Ons lees net in Genesis 14 van hom en die Psalmdigter van Ps 110 verwys na Hom en die Hebreerskrywer gebruik Hom om Christus as Hoepriester te verduidelik.

Melgisedek was absoluut uniek! Hy was die koning van Salem en ook priester van God. Abraham het hom so erken en aan hom offergawes gegee en hy het Abraham geseën! Ons lees in Heb. 7: 3 “³Niks is bekend omtrent sy vader en moeder of sy afstamming of die begin en einde van sy lewe nie. Hy is soos die Seun van God en hy bly priester vir altyd.”.

Dis asof Melgisedek uit die niet verskyn en op unieke wyse optree as koning en priester! Net so uniek is Christus! Hy kom nie uit die stam van Levi nie, God stel Hom in Psalm 110 aan as Hoepriester en Koning! Hy word nie priester volgens menslike afstamming nie, maar deur God se krag van onvernietigbare lewe! Dit is wat God doen!

Hierin, geliefdes, openbaar God sy genade! Hierdie is die wonder van ons redding! Ons kan onself nie red nie, net God kan ons red! Daarom moes die Levitiese priesterskap met Christus vervang word. Geen redding kan uit die mens kom nie! Die onvermoë van menslike prestasie moes plek maak vir Goddelike genade! My en jou redding en ons geloof word aan ons gegee van Bo, deur God se krag van

onvernietigbare lewe! Onvernietigbare krag teenoor menslike vernietigbare en verganklikheid!

Daardie onvernietigbare, ewige lewe wat die Heilige Gees in ons werk met ons wedergeboorte – ons geestelike geboorte! Ons word as mense uit ons moeder gebore – mens uit mens! As geestelike wese word ons uit God gebore! Dis al hoe ons gered kan word – dis al hoe ons deel kan kry aan die ware en die ewige lewe!

Onvernietigbare lewe – dis wat God ons gee! Wanneer God jou gered het en aan jou ware geloof gegee het, kan niks jou ooit weer uit sy hand ruk nie! Nie seerkry of swaarkry nie! Nie Satan met al sy versoekinge nie! Nie enige menslike of bo-menslike mag of krag nie! God het in jou onvernietigbare lewe gegee!

Hoekom gee God dit vir sondaarmense? Omdat ons nie kan nie! Dis onverdiende genade! Omdat Jesus Homself as die laaste offerlam gegee het. Hy sterf as offer vir ons sonde en bring God se onvernietigbare lewe vir ons hier op aarde! Hy is nie net 'n Hoepriester wat 'n offerdier offer nie – Hy offer Homself en Hy is die volmaakte en laaste offer! Hy volbring en voltooi alle offers!

Hierdie nuwe lewe kom deur die Christus se opstanding uit die dood! Toe Hy daar uit die dood opstaan en die dood oorwin het – het ons lewe begin! 'n Goddelike lewe, 'n onvernietigbare lewe! 'n Krag wat jou deur hierdie lewe dra en ja, ook selfs deur die dood!

Liewe br en sr, jy kan hierdie lewe nerens anders vind nie! Jy kan nie iets wees of iets doen of iets gee om dit te verkry nie! Vergeet van jouself, van wie jy is – hoe belangrik jy ook al dink jy is! Wat jou afkoms of wie jou voorgeslagte dalk was! Dalk kom jy uit 'n beroemde en toegewyde Gereformeerde geslag, dit tel niks nie!

Wat jy ook al bereik het: al jou kennis, al jou grade en die wetenskap – niks! Of al jou geld of al jou prestasies of al die mooi en goeie dinge wat jy al gedoen het! Dit tel niks nie!!!

Jy is dalk die getrouste erediensbywoner in die gemeente. Jy gee dalk meer as jou tiende! Jy dien en doen baie in die gemeente! Jou liefde is alom bekend en bemind! Jy is 'n pilaar in die gemeenskap van Potchefstroom – dit tel niks nie!

Jy kry deel aan die onvernietigbare lewe net deur Jesus Christus! Geliefdes, alle ander godsdienste op aarde en baie valse gelowe bou redding op die mens se prestasie! En daar is stemme wat ons daarheen roep!

Brs en srs, moenie vaskyk teen die skaduwee van menslike prestasie nie! Kyk na die ware prentjie – Jesus Christus, ons hoëpriester volgende die priesterorde van Melgisedek – Die orde van genade: hou daaraan vas! Glo in Christus en jy sal vir ewig lewe! Wat 'n genade vir sondaarmense wat weet dat ons eintlik niks het om vir God te gee nie! Wat 'n kragtige aansporing om net aan Jesus vas te hou.

Amen.